Newsletter August 2012 Highveld Nguni Club

Pretoria Lente Skou 1 tot 6 September 2012

Voorbereiding vir die Hoeveld Nguni Klub deelname en vertoon van Nguni's by die Lente Skou het nou in alle erns begin. Ons versoek alle lede om betrokke te raak en te deel in die voorbereiding en aanbieding by die Pretoria skou.Hierdie geleentheid beloof om een van die uithaler geleenthede op die Hoeveld Nguni jaarprogram te word met die klem op promosie, sosiale interaksie en uitbou van kennis betreffend die Nguni beesras.

Die Pretoria Lente Skou word nou aangebied as n volwaardige landbou skou en dit is met trots, opwinding en entoesiasme dat die Hoeveld Klub hierdie skou, in ons gebied, ondersteun en die Nguni ook hier op die voorgrond plaas.

Daar is geen beperking aan deelname deur lede. Ons benodig soveel persone moontlik om mekaar af te los gedurende hierdie tyd. Voorbereiding begin reeds op Vrydag 31 Augustus om 14H00 wanneer die diere by die uitstallokaal sal arriveer. Almal wat beskikbaar is om dan hand by te sit met die voorberereiding van die lokaal word uitgenooi om ook in hierdie opwinding te deel. Die skou open op Saterdag 1 September en lede word ernstig versoek om betrokke te wees en gedurende die skou tydperk diens te doen by die uitstalling. Dit bied veral n geleentheid vir nuwe telers om belangstellendes en van die meer ervare lede beter te leer ken. Hierdie bied ook die geleentheid om die Lente skou te besoek en van die nuutste ontwikkelings op landbou gebied kennis te neem.

Stian van As staan aan die stuur met die beplanning en behartiging van hierdie uitstalling en enige voorstelle of aanbiedings van bystand kan aan Stian gerig word by stianvanas@absamail.co.za of 082 558 6749.

Stian versoek dan ook bystand met die bemanning van die uitstalling gedurende die termyn 1 tot 6 September, maar veral op 3, 4, en 5 September. Indien enige iemand moontlik n arbeider kan verskaf om na die diere gedurende die verloop van die skou om te sien (teen daaglikse vergoeding) sal dit hoog op prys gestel word.

Nguni Bul Seleksie, Evaluasie en Ontwikkeling Kursus/Werkswinkel

n Verslag van hierdie kursus/werkswinkel wat op 7/8 Junie by Potchefstroom Landbou Kollege aangebied was word hierby aangeheg.